## AFDELING D: LETTERKUNDE

### *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord EEN van die twee vrae.

### VRAAG 7: *'N MAN KOM TUIS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| “Jy moet maar sê hoe ek moet ry,” sê ek toe ons die dorp binnegaan. “Dan laai ek jou by die huis af.”<br>Maar daarvan wou hy niks weet nie. Nee, hy sal huis toe stap.<br>“Maar jy gaan moeilik dra aan die los goed,” sê ek.<br>“Nee, dankie,” sê hy. “Jy’t my baie gehelp. Nee, ek stap. Die ou los goedjies is niks.”<br>Ek het gewonder skort hier iets? Hoekom wil hy my nie naby sy huis hê nie? Want hy het my aanbod nie sommer net hoflikheidshalwe van die hand gewys nie. Daar was iets in sy stem, ’n beslistheid, wat my vreemd voorgekom het.<br>Hy had skynbaar ’n slag om gedagtes te raai, die passasier van my. Want skielik verduidelik hy. |

7.1 Op watter dorp het Gouws gebly? (1)

7.2 Hoekom wou Gouws nie by die huis afgelaai word nie? (1)

7.3 Noem enige EEN van die los goedjies wat Gouws by hom gehad het. (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.4) en die letter (A–D) neer.

Waaruit kon die verteller aflei dat Gouws opgewonde geraak het toe hulle nader aan die dorp gekom het?

A Hy het kort-kort op sy horlosie gekyk.
B Hy het vir die verteller van sy kamplewe vertel.
C Hy het die los pakkies bymekaar begin maak.
D Hy het al meer oor sy kinders begin praat. (1)

7.5 Gouws se eerste vrou is na ’n ernstige siekte oorlede.

7.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.5.2 Gee ’n rede vir jou antwoord op VRAAG 7.5.1. (1)

7.6 Kies elke keer die antwoord in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.6.1–7.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.6.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Petrus | A | ... het die sesmaal-tafel goed geken. |
| 7.6.2 | Sienie | B | ... was die oudste van die kinders. |
| 7.6.3 | Gawietjie | C | ... was baie slim. |
| 7.6.4 | Hestertjie | D | ... was drie jaar oud. |
| | | E | ... was een van ŉ tweeling. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Maar ŉ blok verder op die ingewing van die oomblik in ŉ dwarsstraat afgedraai en tot onder langs die spruit gery. Toe draai ek links en ry tot by die volgende straathoek, hou stil en klim uit.
> Na ŉ ruk kon ek hom sien aankom. Ek het ŉ huis gesoek wat syne kon wees – en die huis uitgeken aan die hond en die vyf kinders wat by die hek sit. Op die stoep het ŉ vrou gesit en wol oprol.

7.7 Hoekom het die verteller omgedraai nadat hy Gouws afgelaai het? (1)

7.8 Wie het heel eerste vir Gouws sien aankom? (1)

7.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (7.9) en die letters (A–D) neer.

A Almal het saam huis toe geloop en help dra.
B Gouws het sy goedjies neergegooi en almal gegroet.
C Gouws het in die straat afgestap totdat hy die huis kon sien.
D Die kinders het in die straat afgehardloop. (4)

7.10 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.10) en die letter (A–D) neer.

Gouws het sy werk beskryf as "**partykeer ongerieflik**", maar "**daar is baie voordele**". Hierdie beskrywing is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B ŉ metafoor.
C ŉ vergelyking.
D kontras. (1)

7.11 Sal jy dankbaar wees om ŉ werk soos Gouws te hê?
Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

7.12 Hoekom, dink jy, was die verteller 'n persoon wat graag ander help? (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.12) en die letter (A–D) neer.

Wat is die boodskap van die verhaal?

A Jy moet jou naaste dien soos die Bybel sê jy moet.
B Jy moet in elke slegte ding wat in jou lewe gebeur, iets goeds soek.
C Gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar baie min.
D Dis voordelig om 'n padmaker te wees omdat jy die wêreld sien. (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: *DIE TONGBLAAR* – Pirow Bekker**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Dis 'n dag van uitbundige uitgelatenheid. Die skole sluit vandag. Maar vir Wynand sit daar iets weemoedigs aan die dag.

***

Die voorwiel het in die sand dwars gedraai, die los nek van die fiets het geknak en hulle het altwee oor die horings getrek – hy nog bo-oor Klaas.
Hy het die val nie eers gevoel nie. Toe hy grondvat, het hy onwillekeurig eerste na sy been geklap om van die by ontslae te raak.

8.1 Waarom was Wynand nie bly dat dit vakansie was nie? (1)

8.2 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.2) en die letter (A–D) neer.

Waarom het Klaas gevra of hulle Wynand dokter toe moes vat?

A Hy het baie hard van die fiets afgeval.
B Hy het gesê dat hy dalk allergies vir bysteek was.
C Hy het oor 'n klip gery en seergekry.
D Hy het met sy fiets in die duifiedoring ingery. (1)

8.3 Hoe het die bysteek Wynand se lewe op 'n goeie manier verander? (1)

